

Koringkultivar Proef Resultate

Met die huidige landbou toestande moet daar sorgvuldig gekyk word na maksimale winste. Kultivar keuse is dus van uiterste belang om te verseker dat optimale opbrengste realiseer om volhoubaar en winsgewend te boer.

Dit is vir OVK belangrik om akurate inligting deur te gee wat produsente kan help om 'n meer objektiewe en ingeligte besluit te neem. Die kultivar inligting kan gedurende die komende koring seisoen gebruik word ten opsigte van geskikte kultivars.

Die OVK kultivar proewe is in samewerking met verskeie saadmaatskappye uitgevoer.

Uit die kultivarproewe kan die volgende inligting verkry word:

- Die opbrengste van die verskillende kultivars;
- Aanpasbaarheid van die kultivars in die spesifieke gebied;
- Nuwe kultivars word getoets vir aanpasbaarheid en opbrengste;
- Proewe word deur onafhanklike instansies geëvalueer;
- Produsente kan aan die hand van resultate ingeligte besluite neem.

Omdat klimaatstoestande so onvoorspelbaar is, is dit noodsaaklik om kultivars te kies wat die risiko vir die produsent sal verlaag. Hierdie inligting stel die produsent in staat om ingeligte besluite te neem en die beste pakket van kultivars saam te stel.

Besproeiings proef

Opbrengs en gradering is gebruik om die kultivars te rangskik volgens beste inkomste wat dit vir die produsent kan lewer. Vanaf die inkomste moet die produsent sy eie produksie koste en vervoerdifferensiaal aftrek om die inligting as riglyn te gebruik. Die Safex- prys van 18 Desember 2017 is gebruik om die inkomste te bepaal, wat op daardie stadium R3900/ ton was. Daar is ook op 'n verskil van R96 tussen grade gewerk vanaf 'n B1 gradering (Tabel1).

Die OVK besproeiing kultivar proef is vir die sesde agtereenvolgende jaar in Hopetown Distrik geplant. Die 2017 seisoen se proewe is in samewerking met Dr. Gerrie Scholtz te Naauwtesfontein in die Hopetown omgewing geplant. Baie dankie Dr. Gerrie vir die bereidwilligheid, tyd en koste om die proef te plant. Die proef het in 2012 negentien kultivars van drie maatskappye ingesluit. In 2013 het ons 'n herhaling van twaalf kultivars geplant, en in 2014 was sewentien kultivars in die proef, wat twee nuwe kultivars ingesluit het, en in 2015 was daar sewentien kultivars in die proef, in 2016 was daar vyftien kultivars in die proef met een nuwe kultivar wat deelgeneem het aan die proef. In 2017 was sestien kultivars ingesluit in die proef. Die resultate van die verskeie seisoene word in Tabel 2 weergegee.

Tabel 1: Kultivar prestasie volgens opbrengs en inkomste

Kultivars	Opbrengs (Ton/ha)	Gradering	Inkomste (R/ha)
PAN 3400	11.4	B3	R42 271,20
PAN 3471	11.01	B3	R40825.08
SST 884	10,93	B3	R40528.44
KUDU	10,90	B3	R40417.20
SST 875	10,65	B3	R39 490.20
KKS B1	10,54	B3	R39 082.32
SST 866	10,79	B4	R38 973.48
SST 895	10,51	B3	R38 971.08
SST 835	10.39	B3	R38 526.12
SST 877	10.2	B3	R37 821.60
SST 843	9,73	B2	R37 012.92
SST 806	10.11	B4	R36 517.32
KKS B2	9,7	B4	R35 036.40
DUZI	9,35	B3	R34 669.80
PAN 3497	9.35	B4	R33 772.20
SABIE	8.75	B3	R32 445.00

Kultivar	R	2012	Graad	R	2013	Graad	R	2014	Graad	R	2015	Graad	R	2016	Graad	R	2017	Graad	2012-2017
KKS B1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	7	10.54	B3	10.54
KKS B2	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	13	9.70	B4	9.70
DUZI	11	6.74	B2	7	9.12	B1	8	8.58	B1	8	9.89	B1	15	7,33	B1	14	9.35	B3	8,50
KARIEGA	18	5.95	B3	-	-	-	10	8.63	B2	16	9.12	B2	12	9,75	B2				8,36
KROKODIL	14	6.64	B2	3	10.3	B1	16	7.66	B2	2	10.3	B2	2	10,7	B2				9,12
PAN3400	4	7.7	B2	2	10.72	B2	4	9.19	B2	4	10.23	B2	9	9,99	B2	1	11.40	B3	9,87
PAN3471	1	8.16	B3	1	10.63	B1	3	9.94	B3	1	10.42	B1	6	10,6	B2	2	11.01	B3	10.12
PAN3478	2	8.06	B3	6	10.26	B3	-	-	-	-	-	-	-	-	-				9.16
PAN3489	3	7.8	B3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-				7.8
PAN3497	6	7.15	B3	5	10.46	B3	5	9.16	B2	7	9.9	B1	5	10,7	B2	15	9.35	B4	9,45
PAN3515	-	-	-	-	-	-	15	7.73	B2	10	9.75	B2	1	10,7	B2				9,4
PAN3623	-	-	-	-	-	-	2	10.35	B3	15	9.22	B1	3	10,7	B1				10,1
SABIE	15	6.28	B2	4	9.92	B1	9	8.67	B2	12	9.37	B2	14	9,67	B2	16	8.75	B3	8,78
SST806	16	6.25	B3	-	-	-	17	7.39	B2	13	9.29	B1	13	9,68	B2	11	10.11	B4	8,54
SST835	9	6.79	B3	11	9.36	B3	13	8.39	B2	6	9.9	B2	10	9,92	B2	9	10.39	B3	9,12
SST843	17	6.16	B1	-	-	-	12	8.1	B1	-	-	-	-	-	-	12	9.73	B2	7.99
SST866	-	-	-	-	-	-	14	8.73	B3	9	9.78	B2	4	10,7	B2	5	10.79	B4	10,00
SST867	13	6.72	B2	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-				6.72
SST875	8	6.86	B3	10	9.49	B3	1	10.13	B1	14	9.24	B1	7	10,3	B2	6	10.65	B3	9,44
SST877	12	6.74	B2	-	-	-	11	8.48	B2	-	-	-	-	-	-	10	10.20	B3	8,47
SST884	5	7.29	B2	8	9.75	B3	7	9.05	B2	3	10.27	B2	11	9,82	B2	3	10.93	B3	9,52
SST895	7	7.1	B2	9	9.65	B3	6	9.11	B2	5	10.13	B1	8	10,2	B2	8	10.51	B3	9,45
KUDU	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	4	10.90	B3	10.90
Gemiddeld		6.9			9.88			8.78			9.73			10			10.27		9,26


Die bestuurspraktyke van die onderskeie seisoene was dieselfde, alhoewel daar meer Kalium (K) toegedien is vanaf 2014 seisoen, tydens die 2016 tot 2017 seisoen is die Stikstof (N), Fosfaat (P) en Kalium (K) vlakke hoër as die van die vorige seisoene. Die plant datum van 2014 het ook later plaasgevind as die vorige jare. Die plantdatum van 2015 is heelwat vroeër as in die vorige jare. In tabel 3 is die toegediende bemesting (NPK) van die onderskeie seisoene.

Tabel 3: Tegniese Proef Inligting

Jaar	Plant Datum	Saaigtheid (kg/ha)	N	P	K
2012	7/07/2012	100	240	42	40
2013	8/07/2013	100	230	45	55
2014	14/07/2014	100	256	44	60
2015	30/06/2015	100	259	44	60
2016	06/07/2016	100	270	50	80
2017	13/07/2017	100	271	48	80
Gemiddeld			254	45	62

Gedurende die 2016 en 2017 koring seisoen is goeie opbrengste gerealiseer in vergelyking met die vorige drie seisoene. Die gemiddelde proef opbrengste vir 2012, 2013, 2014, 2015, 2016 en 2017 was onderskeidelik 6.90 ton/ha, 9,88 ton/ha, 8,78 ton/ha, 9,73 ton/ha, 10,00 ton/ha en 10.27 ton/ha. Die gemiddelde opbrengste van die ses seisoene is 9.26 ton/ha.

Meegaande is die klimaat inligting van die betrokke seisoene en die volgende punt het uitgestaan. Die gemiddelde temperature, soos in figuur 1 vertoon, vir die 2017 seisoen was warmer as die vorige seisoen maar vanaf middel Oktober was temperature laer:



Figuur 1: Gemiddelde temperature tendens van die onderskeie seisoene.

Optimum plantdatums en planttipe vir koring in die koeler sentrale besproeiingsgebied kan in tabel 4 waargeneem word.

Tabel 4: Optimum plantdatums

Cultivar	Petrusville Hopetown	Douglas Prieska	Modderrivier Kimberley Barkley- Wes	Aanbevole kg saad/ha	Plante/m ²
Baviaans ^(PTR)	1/6-30/6	1/6-25/6	1/6-25/6	80-110	200-275
Buffels ^(PTR)	1/6-15/7	10/6-20/7	10/6-20/7	100-130	175-250
Duzi ^(PTR)	1/6-15/7	10/6-20/7	10/6-20/7	100-130	250-300
Kariega	1/6-30/6	1/6-25/6	1/6-25/6	80-110	175-250
Krokodil ^(PTR)	1/6-15/7	1/6-15/7	1/6-30/6	100-130	275-350
Olifants ^(PTR)	1/6-15/7	1/6-10/7	1/6-30/6	80-130	250-300
PAN 3400 ^(PTR)	10/6-25/7	15/6-25/7	15/6-25/7	110-130	275-325
PAN 3471 ^(PTR)	1/6-15/7	10/6-20/7	10/6-20/7	100-120	250-325
PAN 3497 ^(PTR)	1/6-30/6	1/6-25/6	1/6-25-6	90-110	225-275
Sabie ^(PTR)	1/6-30/6	1/6-25/6	1/6-25/6	80-110	175-250
SST 806 ^(PTR)	1/6-15/7	1/6-15/7	1/6-15/7	100-120	275-325
SST 822 ^(PTR)	15/6-31/7	30/6-31/7	15/6-25/7	160-200	300-375
SST 835 ^(PTR)	15/6-20/7	15/6-20/7	10/6-20/7	110-140	275-325
SST 843 ^(PTR)	15/6-31/7	30/6-31/7	15/6-25/7	110-140	275-325
SST 866 ^(PTR)	1/6-15/7	1/6-15/7	1/6-15/7	100-120	275-350
SST 867 ^(PTR)	1/6-15/7	1/6-10/7	1/6-30/6	100-120	275-350
SST 875 ^(PTR)	15/6-20/7	15/6-20/7	10/6-20/7	100-120	275-350
SST 876 ^(PTR)	15/6-15/7	1/6-15/7	1/6-15/7	120-140	300-375
SST 877 ^(PTR)	1/6-15/7	1/6-10/7	1/6-30/6	100-120	275-350
SST 884 ^(PTR)	15/6-31/7	30/6-31/7	15/6-25/7	110-140	275-325
SST 895 ^(PTR)	15/6-20/7	15/6-20/7	10/6-20/7	110-140	275-325
Steenbras ^(PTR)	20/6-31/7	25/6-31/7	15/6-25/7	100-120	275-350

#PTR: Kultivar beskerm deur Planttelersregte (Bron: LNR - Kleingraaninstituut)

Bogenoemde kultivars voldoen almal aan die grade van die broodkoringklas

Droëland proewe

Die afgelope koringseisoen was een van uiterstes wat klimaatstoestande betref. Met die aanvang van die planteisoen het die boere staat gemaak op oordrag grondvog om te plant. Geen proewe is die afgelope seisoen in Ficksburg en Fouriesburg geplant nie.

In tabel 5 kan die optimale plantdatums en plantdigthede wat in die Oos-Vrystaat van toepassing is gesien word.

Tabel 5: Optimale plantdatums en -digthede vir koring in die Oos-Vrystaat

Kultivar	Plantdatum (weke)																Plantdigtheid (kg/ha)
	Mei				Junie				Julie				Augustus				
	1	2	3	4	1	2	3	4	1	2	3	4	1	2	3	4	
Elands ^(PTR)					■	■	■	■	■	■	■						15-30
Gariep					■	■	■	■	■	■	■						15-30
Koonap ^(PTR)					■	■	■	■	■	■	■						15-30
Matlabas ^(PTR)	■	■	■		■	■	■	■									20-25
Senqu ^(PTR)					■	■	■	■	■	■	■						15-30
PAN 3118 ^(PTR)					■	■	■	■									15-30
PAN 3120 ^(PTR)					■	■	■	■									15-30
PAN 3161 ^(PTR)					■	■	■	■	■	■							20-25
PAN 3195 ^(PTR)					■	■	■	■	■	■							20-25
PAN 3368 ^(PTR)							■	■	■	■	■	■	■	■			25-40
PAN 3379 ^(PTR)							■	■	■	■	■	■	■	■			25-40
SST 316 ^(PTR)					■	■	■	■	■	■	■	■	■				20-30
SST 317 ^(PTR)			■	■	■	■	■	■	■	■	■						20-25
SST 347 ^(PTR)			■	■	■	■	■	■	■	■	■						20-25
SST 356 ^(PTR)					■	■	■	■	■	■	■	■	■				20-30
SST 374 ^(PTR)					■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■		30-40
SST 387 ^(PTR)				■	■	■	■	■	■	■	■						20-25

#PTR Kultivar beskerm deur Planttelersregte (Bron: LNR - Kleingraaninstituut)

Bogenoemde kultivars voldoen almal aan die grade van die broodkoringklas